



# Begin vroeg met regte beplanning

As jy eers agter is met jou finansiële beplanning, kan jy nie weer inhaal nie. Kry jou sake agtermekaar vóór jy die nuwe jaar aanpak.

**E**k wonder hoeveel van ons lesers se nuwejaarsvoornemens hou nog?

Toemaar, ek gaan nie aandring op 'n antwoord nie. Ek wil eerder die een en ander voorstel om te help verseker dat lesers nie later spyt is dat hulle nie betyds voorsorg getref het nie.

Die groot verskil tussen 'n besluit oor jou finansiële beplanning en die tipiese nuwejaarsvoorneme is dat jy met swak of geen finansiële beplanning nie jou agterstand kan inhaal nie. As jy agter is, is jy agter. Spyt kom altyd te laat.

## NEEM RISIKO IN AG

Waar begin jy? Ek benader graag my kliënte se finansiële beplan-

ning uit 'n risiko-oogpunt. Wat is risiko? Dit is dié dinge wat jou toekomsplanne deurmekaar kan krap.

Kyk na 'n basiese finansiële behoefte: Ek wil genoeg geld bymekaarmaak om af te tree. Die antwoord is eenvoudig: Spaar jou geld. Maar hoeveel? Hoe lank gaan jy leef ná jou aftrede? Jy weet nie en dit is die risiko. Jy wil tog nie langer leef as jou geld nie.

Jy wil seker 'n skaflike opbrengs op jou belegging hê. Waarin moet jy belê? Wat van markrisiko? Wat van belasting op jou wins, of die aftrekbaarheid vir belasting van jou spaargeld?

En as ons praat van lank leef, kan ons seker ook praat oor vroeg doodgaan. Nee, jy gaan nie "dalk iets oorkom nie". Jy gaan dood, nes ek en almal wat hier lees. Sê nou dit gebeur vannag? Hoe raak dit jou naasbestaandes?

Hulle het darem nog die plaas. Ja? Met hoeveel skuld? En 'n plaas is bloot die instrument. Is daar 'n ander boer? Of moet die toekomstige boer nog skoolgaan? Moet vroulief nou maar leer boer? Dit is wat 'n mens doen as jy

volgens risiko's beplan – jy vra vrac. En jy moet eerlik antwoord, anders is jy nie besig met beplanning nie.

## GENOEG LEWENSDEKKING

Nie almal maak dit tot by aftrede nie. Genoeg lewensdekking is dus noodsaaklik; nie vir jou nie, maar vir diegene wat agterbly en wat van jou werkvermoë en inkomste afhanklik is. Baie plase is vandag so met skuld belas dat die kans goed is die vrou of kinders gaan dit verloor as die boer sterf.

Die antwoord is: Kry genoeg lewensdekking. Daar is meer plase in Suid-Afrika afbetaal met lewenspolisse as met harde werk. Maar bly weg van polissmouse wat foefies aan jou probeer afsmeer. Jy wil wéét die geld gaan uitbetaal word, nie hóóp dit gebeur nie.

## PRAAT MET REGTE MENSE

Met wie praat ek? Kundigheid en integriteit is die belangrikste. Die finansiële dienstebedryf is ingewikkeld. Finansiële produkte is moeilik verstaanbaar. Die nadelige gevolge van 'n swak of verkeerde produk wys sigself ge-

**'Daar is meer plase in Suid-Afrika afbetaal met lewenspolisse as met harde werk.'**

woonlik eers baie jare later.

Kry 'n spesialis. Soek na lidmaatskap van 'n professionele liggaam, met hoë akademiese toelatingsvereistes, 'n volgehoue verpligting tot deurlopende professionele ontwikkeling en 'n etiese gedragskode wat afgedwing word.

As jou finansies uitgesorteer is, as die risiko's van jou langtermynbeplanning uit die weg geruim is, kan jy met gemoedrus die jaar aanpak, want jy het voorsiening gemaak vir enigiets wat na jou kant toe gegooi kan word.

*Nico van Gijzen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële-risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverreker verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie. **LBW***

### KORTOM

- Benader jou finansiële beplanning uit 'n risiko-oogpunt.
- Maak seker jy het genoeg lewensdekking vir diegene wat van jou inkomste afhanklik is.
- Kry raad by spesialiste.